

Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GEOGRAFIE V1

2021

PUNTE: 225

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 'n bylae van 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is by die BYLAE ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
9. Antwoord in VOLSINNE, tensy jy moet noem, identifiseer of 'n lys maak.
10. Die maateenhede en rigting moet by die finale antwoord, waar van toepassing, ingesluit word, bv. 12 km, 10 meter, 14 °C.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1**

- 1.1 Verwys na FIGUUR 1.1 wat 'n stedelike hitte-eiland-effek gedurende die dag en nag uitbeeld. Pas die beskrywings hieronder by die diagramme wat DAG en NAG uitbeeld. Skryf slegs 'dag' of 'nag' langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.8 dag.

1.1.1 Weerkaats die hoogste temperature in 'n stedelike hitte-eiland

1.1.2 Besoedeling is oor 'n groter gebied versprei

1.1.3 Kunsmatige hitte-opwekking is op sy laagste

1.1.4 Verhoogde menslike ongemak as gevolg van hoër temperature

1.1.5 Groter verskil tussen lug- en oppervlaktemperature

1.1.6 Beperkte meervoudige weerkaatsing van hitte

1.1.7 Minder menslike aktiwiteite wat hitte opwek (7 x 1) (7)

- 1.2 Kies 'n term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Balans tussen die tempo van erosie en tempo van neerlating/afsetting	A	ongegradeerde profiel
1.2.2	Toon 'n aansig van 'n rivier van oewer tot oewer	B	tydelike basisvlak
		C	basisvlak van erosie
1.2.3	Toon 'n syaansig van die rivier vanaf oorsprong tot die monding	D	permanente basisvlak
1.2.4	Punt waar die rivier by die see invloei	E	gegradeerde rivier
		F	oorsprong
1.2.5	'n Rivier wat hindernisse langs sy loop het	G	lengteprofiel
1.2.6	'n Dam is 'n voorbeeld van hierdie basisvlak van erosie	H	dwarsprofiel
1.2.7	Die laagste vlak waarnatoe 'n rivier kan erodeer	I	monding
1.2.8	Die punt waar 'n rivier begin		

(8 x 1) (8)

- 1.3 Verwys na FIGUUR 1.3, 'n uittreksel oor middelbreedtesiklone.
- 1.3.1 Noem die tipe klimaat wat by die suidwestelike punt van die land aangetref word. (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Beskryf die klimaat wat in die winter by die suidwestelike punt van die land ervaar word, soos in die uittreksel aangedui. (1 x 1) (1)
- 1.3.3 Waarom migreer (beweeg) middelbreedtesiklone verder noord in die winter? (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Beskryf die veranderinge in die weer wat met die beweeg van 'n kouefront oor Kaapstad geassosieer word. (2 x 2) (4)
- 1.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die negatiewe invloed van kouefronte op toerisme in Kaapstad. (4 x 2) (8)
- 1.4 Verwys na FIGUUR 1.4 wat hellingaspek toon.
- 1.4.1 Definieer die konsep *hellingaspek*. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Verteenwoordig **A** of **B** die Suidelike Halfrond? (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Gee 'n rede, duidelik in die skets, vir jou antwoord op VRAAG 1.4.2. (1 x 2) (2)
- 1.4.4 Hoe beïnvloed hellingaspek die mikroklimaat van valleihellings met verwysing na:
- (a) Temperatuur (1 x 2) (2)
- (b) Verdamping (1 x 2) (2)
- 1.4.5 Verduidelik die invloed van hellingaspek in die Suidelike Halfrond op die volgende:
- (a) Boerdery (1 x 2) (2)
- (b) Menslike nedersettings (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na FIGUUR 1.5 wat dreineringsdigtheid toon.

- | | | | |
|-------|--|---------|-----|
| 1.5.1 | Definieer die konsep <i>dreineringsdigtheid</i> . | (1 x 1) | (1) |
| 1.5.2 | Noem die verskil in dreineringsdigtheid van dreineringsbekkens A en B . | (2 x 1) | (2) |
| 1.5.3 | Hoe het gesteentedeurdringbaarheid die dreineringsdigtheid van dreineringsbekkens A beïnvloed? | (1 x 2) | (2) |
| 1.5.4 | Bepaal die stroomorde van die rivierstelsel in dreineringsbekken A by punt X . | (1 x 2) | (2) |
| 1.5.5 | Beskryf die verhouding tussen dreineringsdigtheid en stroomorde van 'n rivier deur na dreineringsbekkens A en B te verwys. | (2 x 2) | (4) |
| 1.5.6 | Verduidelik hoe die volgende die dreineringsdigtheid in dreineringsbekken B beïnvloed: | | |
| | (a) Steil helling | (1 x 2) | (2) |
| | (b) Toename in neerslag | (1 x 2) | (2) |

1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat stroomroof toon.

- | | | | |
|-------|--|---------|-----|
| 1.6.1 | Is rivier X of Y die geroofde stroom? | (1 x 1) | (1) |
| 1.6.2 | Gee TWEE bewyse in diagram B wat toon dat stroomroof plaasgevind het. | (2 x 1) | (2) |
| 1.6.3 | Watter invloed het die onderliggende rots op stroomroof? | (1 x 2) | (2) |
| 1.6.4 | Hoe verjong stroomroof die rowerstroom? | (1 x 2) | (2) |
| 1.6.5 | In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek hoe stroomroof 'n positiewe impak op boerdery by W sal hê. | (4 x 2) | (8) |
- [75]**

VRAAG 2

- 2.1 Met verwysing na tropiese siklone, pas die term in KOLOM B by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.1.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Verskaf energie wat bydra tot die vorming van die tropiese sikloon	A	ontbinding
2.1.2	Plaaslike naam wat vir 'n tropiese sikloon in Suidoos-Asië gegee word	B	oogmuur
2.1.3	Koeler lug daal en daar is geen reën in hierdie gedeelte van die tropiese sikloon nie	C	onvolwasse
2.1.4	Die stadium waar koeler lug in die tropiese sikloon invloei en die lugdruk verhoog	D	aanvangs
2.1.5	In hierdie stadium daal druk tot onder 1 000 hPa en windspoed styg tot ongeveer 120 km/h	E	latente hitte
2.1.6	Die stadium gekenmerk deur 'n goed ontwikkelde voorste linkerkwadrant	F	tifoon
2.1.7	Die stadium waar die druk bokant 1 000 hPa is en die tropiese sikloon begin ontwikkel	G	oog
2.1.8	Ontwikkel deur die opwaarts roterende beweging van lug rondom die middelpunt	H	orkaan
		I	volwasse

(8 x 1) (8)

- 2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat laminêre en turbulente vloei in 'n rivier toon. Pas die beskrywings hieronder by **A** of **B**. Skryf slegs die letter A of B langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.2.8 B.

- 2.2.1 Stroomversnellings is 'n kenmerk van hierdie tipe vloei
- 2.2.2 Geassosieer met 'n toename in die volume water in die benedeloop
- 2.2.3 Geassosieer met 'n hoër tempo van erosie
- 2.2.4 Kom meesal in die bolloop van die rivier voor
- 2.2.5 Bevorder die vorming van vloedvlaktes en oewerwalle
- 2.2.6 'n Gelyke rivierbed veroorsaak dat water in lae beweeg
- 2.2.7 Oppervlakwrywing veroorsaak dat water dwarrels (draaikolk) vorm

(7 x 1) (7)

- 2.3 Verwys na FIGUUR 2.3 wat 'n sinoptiese weerkaart van Suider-Afrika toon.
- 2.3.1 Gee bewyse dat die sinoptiese weerkaart 'n somertoestand verteenwoordig. (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Bepaal die isobaarinterval op die sinoptiese weerkaart. (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Benoem die hoogdrukseel **A**. (1 x 1) (1)
- 2.3.4 Noem die windrigting en windspoed van die weerstasie by Durban. (2 x 1) (2)
- 2.3.5 Lewer kommentaar op die verhouding tussen windspoed en die rangskikking van die isobare in die oostelike gedeelte van die land. (1 x 2) (2)
- 2.3.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe hoogdrukseel **A** en die laagdrukseel oor die binneland gedurende die somer tot verhoogde reënval in die oostelike deel van die land kan bydra. (4 x 2) (8)
- 2.4 Lees die blog (joernaalinskrywing) in FIGUUR 2.4 wat op Suid-Afrikaanse bergwinde gebaseer is.
- 2.4.1 Volgens die blog, aan watter kant van die berg daal bergwinde? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Noem die hoogdrukstelsel waarna in die blog verwys word. (1 x 1) (1)
- 2.4.3 Bergwinde word met die teenwoordigheid van 'n kuslaagdruk geassosieer.
- (a) Wat is 'n *kuslaagdruk*? (1 x 1) (1)
- (b) Watter rol speel 'n kuslaagdruk in die vorming van bergwinde? (1 x 2) (2)
- (c) Waarom word bergwinde met hoë temperature geassosieer? (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Verduidelik die negatiewe ekonomiese impak van die brande, wat in die blog genoem word, op boerdery in die gebied. (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Stel strategieë voor wat boere kan implementeer om die gevolge van brande, wat met bergwinde geassosieer word, te verminder. (2 x 2) (4)

2.5 FIGUUR 2.5 illustreer dreineringspatrone.

- | | | | |
|-------|--|---------|-----|
| 2.5.1 | Definieer die konsep <i>dreineringspatrone</i> . | (1 x 1) | (1) |
| 2.5.2 | Identifiseer dreineringspatrone A en B . | (2 x 1) | (2) |
| 2.5.3 | Gee TWEE kenmerke van dreineringspatroon A wat in FIGUUR 2.5 sigbaar is. | (2 x 1) | (2) |
| 2.5.4 | Hoe lei die vulkaniese landskap in FIGUUR 2.5 tot dreineringspatroon B ? | (1 x 2) | (2) |
| 2.5.5 | Waarom is dreineringspatroon A meer geskik vir nedersettings? | (2 x 2) | (4) |
| 2.5.6 | Verduidelik hoe die eienskappe van die onderliggende rotsstruktuur lei tot die vorming van dreineringspatrone A en B . | (2 x 2) | (4) |

2.6 FIGUUR 2.6 illustreer fluviale landvorme.

- | | | | |
|-------|---|---------|-------------|
| 2.6.1 | Watter stadium (-loop) van die rivier word in FIGUUR 2.6 geïllustreer? | (1 x 1) | (1) |
| 2.6.2 | Watter rol het die geleidelike helling in die vorming van die meander, sigbaar in die skets, gespeel? | (1 x 2) | (2) |
| 2.6.3 | Verduidelik die vorming van die stootoewer (buiteoewer) en glyoewer/stiloewer (binneoewer). | (2 x 2) | (4) |
| 2.6.4 | In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe 'n meander in 'n hoefystermeer ontwikkel. | (4 x 2) | (8) |
| | | | [75] |

AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE**VRAAG 3**

3.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 3.1.8. D.

3.1.1 ... is die maksimum afstand wat 'n klant bereid is om te reis om goedere te koop of om van 'n diens gebruik te maak.

- A Sentrale plek
- B Invloedsfeer
- C Reikwydte
- D Drempel

3.1.2 ... goedere word amper daaglik gebruik en word in die meeste tipes nedersettings aangetref.

- A Hoë-orde-
- B Drempel-
- C Lae-orde-
- D Vergelykende

3.1.3 ... beskryf die rangorde van stedelike gebiede volgens hulle grootte en graad van spesialisering van die funksies.

- A Sentrale plek
- B Stedelike morfologie
- C Invloedsfeer
- D Stedelike hiërargie

3.1.4 'n Stedelike dienssentrum wat goedere en dienste aan die omliggende landelike gebied verskaf, staan as 'n ... bekend.

- A sentrale plek
- B lae-orde-sentrum
- C landelike gehuggie
- D hoë-orde-sentrum

3.1.5 ... is minder, lok mense van verder af en bied meer gespesialiseerde dienste.

- A Dorpe
- B Dorpies
- C Plaasopstalle
- D Stede

3.1.6 ... verwys na die aantal klante wat 'n besigheid nodig om winsgewend te wees.

- A Invloedsfeer
- B Drempelbevolking
- C Stedelike bevolking
- D Reikwydte van bevolking

3.1.7 Die gebied van waar 'n besigheid sy kliënte lok, is die ...

- A reikwydte van goedere.
- B plaaslike dienssentrum.
- C invloedsfeer.
- D stedelike hiërargie.

(7 x 1) (7)

3.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies verskaf word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (3.2.1 tot 3.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.2.1 (Ligte/Swaar) nywerhede dek groot gebiede en neig om meer lugbesoedeling te veroorsaak.

3.2.2 'n Kragstasie is 'n voorbeeld van 'n (mark-/grondstof-) georiënteerde nywerheid.

3.2.3 Die ligging van (onafhanklike/alomteenwoordige) nywerhede word nie deur liggingsfaktore soos grondstowwe, vervoer en markte, bepaal nie.

3.2.4 (Ligte/Swaar) nywerhede kan rondom die SSK geleë wees.

3.2.5 (Mark-/Grondstof-) georiënteerde nywerhede produseer oor die algemeen lae-orde- en bederfbare goedere.

3.2.6 (Brug-/Grondstof-georiënteerde) nywerhede is naby hawens geleë waar grondstowwe ingevoer word.

3.2.7 (Alomteenwoordige/Markgeoriënteerde) nywerhede, soos telekommunikasie, word nie deur enige spesifieke liggingsvereistes bepaal nie.

3.2.8 (Markgeoriënteerde/Swaar) nywerhede is naby massavervoerfasiliteite geleë.

(8 x 1) (8)

- 3.3 Lees die uittreksel in FIGUUR 3.3 oor grondhervorming in Suid-Afrika.
- 3.3.1 Wat is doelwit van grondhervorming? (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Haal TWEE maniere uit die uittreksel aan waarvolgens grondhervorming 'nuwe lewe' in die landelike ekonomie kan 'blaas'. (2 x 1) (2)
- 3.3.3 Waarom is die teiken wat vir landelike grondhervorming gestel is, nie bereik nie? (2 x 2) (4)
- 3.3.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die positiewe impak wat grondhervorming op landelike gemeenskappe sal hê. (4 x 2) (8)
- 3.4 FIGUUR 3.4 is 'n tabel wat Suid-Afrikaanse verstedelikingdata toon.
- 3.4.1 Definieer die term *verstedeliking*. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Bepaal die tempo van verstedeliking tussen 1950 en 2050. (1 x 1) (1)
- 3.4.3 Noem EEN sosiale trekfaktor wat die tempo van verstedeliking sal beïnvloed. (1 x 1) (1)
- 3.4.4 Hoe sal die tempo van verstedeliking 'n negatiewe impak op die sosiale trekfaktor, wat in VRAAG 3.4.3 genoem is, hê? (2 x 2) (4)
- 3.4.5 Verduidelik hoe die tempo van verstedeliking tot verkeersopeenhopings in 'n stedelike gebied sal bydra. (2 x 2) (4)
- 3.4.6 As 'n stedelike- en streeksbeplanner, gee TWEE strategieë wat geïmplementeer kan word om verkeersopeenhopings te beperk. (2 x 2) (4)
- 3.5 Verwys na FIGUUR 3.5 wat statistiek oor goudmynbou in Suid-Afrika toon.
- 3.5.1 Volgens FIGUUR 3.5, waar kan die wêreld se grootste goudbronne aangetref word? (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Bereken die verskil in geldwaarde (rand) van goudwinste tussen 2018 en 2019. (1 x 2) (2)
- 3.5.3 Gee EEN rede waarom goudwinste vermeerder het, terwyl goudproduksie in 2019 verminder het. (1 x 2) (2)
- 3.5.4 Verduidelik die faktore wat die afgelope paar jaar verantwoordelik is vir die daling in werksgeleenthede in die goudmynbousektor. (2 x 2) (4)
- 3.5.5 Verduidelik hoe goudmynbou tot industriële ontwikkeling bygedra het. (3 x 2) (6)

- 3.6 Verwys na FIGUUR 3.6, wat die Platinum-Ruimtelikeontwikkelingsinisiatief (ROI) toon.
- 3.6.1 Noem 'n Suid-Afrikaanse provinsie waar die Platinum-ROI geleë is.
(1 x 1) (1)
- 3.6.2 Gee bewyse uit die kaart wat toon dat die Platinum-ROI 'n internasionale inisiatief is.
(1 x 1) (1)
- 3.6.3 Haal uit die uittreksel aan om aan te dui hoe Rustenburg uit die Platinum-ROI voordeel sal trek.
(1 x 1) (1)
- 3.6.4 Gee TWEE positiewe gevolge wat die Platinum-ROI op Rustenburg sal hê.
(2 x 2) (4)
- 3.6.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel uitdagings voor wat die Platinum-ROI kan ervaar soos wat dit poog om ekonomiese ontwikkeling te stimuleer.
(4 x 2) (8)
- [75]**

VRAAG 4

- 4.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies verskaf word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 4.1.1 Plaasopstalle is in (kern-/verspreide) nedersettings verstrooi.
- 4.1.2 (Ronde/Liniêre) nedersettings is oor die algemeen langs paaie, riviere of kanale geleë.
- 4.1.3 Die (verspreide/kern-) nedersetting word oor die algemeen met gefragmenteerde stukke plaasgrond geassosieer.
- 4.1.4 (Kern-/Verspreide) nedersettings is oor die algemeen maklike teikens vir kriminele as gevolg van afgesonderdheid.
- 4.1.5 (Liniêre/Ronde) nedersettings neig om langwerpig vir toeganklikheid te wees.
- 4.1.6 Die voordeel van (kern-/verspreide) nedersettings is die deel van toerusting en idees.
- 4.1.7 Die (kern-/verspreide) nedersettings word met groot winste geassosieer.
- 4.1.8 'n Tekort aan privaatheid is 'n probleem in (verspreide/kern-) nedersettings. (8 x 1) (8)

- 4.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (4.2.1 tot 4.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 4.2.8 D.

- 4.2.1 ... is 'n voorbeeld van 'n primêre ekonomiese aktiwiteit.
- A Navorsing
B Konstruksie
C Bosbou
D Verpleging
- 4.2.2 Die ekonomiese sektor wat met die verskaffing van dienste geassosieer word, is ...
- A kwaternêr.
B primêr.
C tersiêr.
D sekondêr.

- 4.2.3 Hierdie sektor word met waardetoegevoegde goedere geassosieer:
- A Primêre
 - B Sekondêre
 - C Tersiere
 - D Kwaternêre
- 4.2.4 Die ontwikkeling van 'n Covid-entstof sal 'n voorbeeld van 'n ... ekonomiese aktiwiteit wees.
- A primêre
 - B sekondêre
 - C tersiere
 - D kwaternêre
- 4.2.5 Die ekonomiese sektor wat met die ontginning van grondstowwe uit die omgewing te doen het:
- A Primêre
 - B Sekondêre
 - C Tersiere
 - D Kwaternêre
- 4.2.6 verwys na goedere wat deur ander lande gekoop word.
- A Invoere
 - B Uitvoere
 - C Plaaslike handel
 - D Buitelandse belegging
- 4.2.7 ... verwys na die uitruil van goedere en dienste tussen lande.
- A Informele handel
 - B Internasionale handel
 - C Plaaslike handel
 - D Handelsbalans (7 x 1) (7)
- 4.3 Verwys na FIGUUR 4.3 wat op stedelike grondgebruiksones gebaseer is.
- 4.3.1 Gee bewyse uit FIGUUR 4.3 dat die sentrale sakekern (SSK) toeganklik is. (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Waarom het die oorgangsones 'n onreëlmatige vorm in FIGUUR 4.3? (1 x 2) (2)
- 4.3.3 Verduidelik TWEE faktore wat swaar nywerhede na X gelok het. (2 x 2) (4)
- 4.3.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik waarom die SSK nie meer aantreklik as 'n ligging vir baie besighede is nie. (4 x 2) (8)

- 4.4 Verwys na die foto in FIGUUR 4.4 oor stedelike nedersettingkwessies: informele nedersettings.
- 4.4.1 Watter bewys op die foto dui aan dat dit 'n informele nedersetting is? (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Gee TWEE ekonomiese redes vir die ontwikkeling van informele nedersettings. (2 x 1) (2)
- 4.4.3 Hoe sal die steil helling 'n invloed op die informele huise in die omgewing van X hê wanneer daar swaar reënval is? (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Waarom is inwoners in informele nedersettings, soos in FIGUUR 4.4, meer kwesbaar vir brande as diegene wat in formele nedersettings woon? (2 x 2) (4)
- 4.4.5 Verduidelik TWEE maatreëls wat plaaslike munisipaliteite kan implementeer om inwoners te help om die risiko van brande in informele nedersettings te verminder. (2 x 2) (4)
- 4.5 Verwys na FIGUUR 4.5, 'n uittreksel oor voedselsekerheid in Suid-Afrika.
- 4.5.1 Haal TWEE redes vir voedselonsekerheid op huishoudelike vlak uit die uittreksel aan. (2 x 1) (2)
- 4.5.2 Noem die belangrikheid om te verseker dat 'n land voedselseker is. (1 x 2) (2)
- 4.5.3 Waarom is arm huishoudings meer kwesbaar vir negatiewe ekonomiese skokke? (1 x 2) (2)
- 4.5.4 Verduidelik waarom huishoudings in landelike gebiede minder kwesbaar vir honger is in vergelyking met stedelike gesinne. (1 x 2) (2)
- 4.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel strategieë voor om voedselsekerheid vir huishoudings in Suid-Afrika te verbeter. (4 x 2) (8)
- 4.6 Verwys na FIGUUR 4.6 wat op die Port Elizabeth-Uitenhage (Nelson Mandela-Metropool)-kernnywerheidstreek gebaseer is.
- 4.6.1 Langs watter oseaan is die Port Elizabeth-Uitenhage (Nelson Mandela-Metropool)-kernnywerheidstreek geleë? (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Noem die hoofnywerheid wat in hierdie kernnywerheidstreek geleë is. (1 x 1) (1)
- 4.6.3 Verduidelik TWEE natuurlike faktore wat die ligging van hierdie nywerheidstreek beïnvloed. (2 x 2) (4)
- 4.6.4 Waarom is hierdie nywerheidstreek belangrik vir die ekonomie van die provinsie? (2 x 2) (4)
- 4.6.5 Hoe het tegnologiese vooruitgang nywerhede in die Port Elizabeth-Uitenhage (Nelson Mandela-Metropool)-kernnywerheidstreek meer mededingend gemaak? (2 x 2) (4)
- [75]**
- TOTAAL: 225**